Harmony Sports Academy

Dit is eers die Virginia Sports Academy genoem toe die skool sy deure vir die eerste keer in 2003 geopen het. Virginia? Dit is ver langs "familie" van Koningin Elizabeth van Engeland! Baie ver langs. Elizabeth I was as die Virgin Queen bekend – meer omdat sy nooit getrou het nie as weens haar lewensgewoontes. Toe die staat in Amerika gestig is, het die setlaars dit ter ere van haar Virginia genoem. In 1890 het twee spoorweg-ingenieurs van Virginia in die Noord-Vrystaat gewerk en die naam Virginia op 'n rots geëts – en dit het die naam van 'n syspoor geword. Toe kom die ontdekking van goud in die jare vyftig, en Virginia het van 'n spoorweg-sylyn tot 'n vooruitstrewende myndorp met die diepste pypmyn ter wêreld aan die oewer van die Sandrivier gegroei.

Die Harmony Gold Mining Company Ltd besit die Harmony-myn in Virginia. Die myn het die sportakademie geborg – van daar die naam.

Die regering het dié goudvelde as 'n plek wat maatskaplike opheffing nodig het, uitgewys, en dit het sport ingesluit. Harmony Gold het by die ontwikkeling betrokke geraak, en dit het die stigting van 'n sportakademie behels.

In Januarie het die Akademie se deure vir veertig rugby- en sokkerspelers oopgemaak (24 rugby en sestien sokkerspelers). Dit was die resultaat van oorleg tussen Harmony en die Sporttrust.

Harmony het huisvesting en sportgeriewe verskaf. Die seuns word vir hul akademiese behoeftes deur plaaslike skole geakkomodeer – Hentie Celliers vir Afrikaanssprekendes, Harmony High vir Engelssprekendes en Nobilis vir dié met spesiale behoeftes.

Die leerlinge woon in koshuise – een vir rugby en die ander vir sokker. Daar kry hulle elke dag drie gebalanseerde maaltye.

Die seuns word oor die hele land geëien. Sportafrigting vind ten minste drie keer per week plaas, en die Akademie funksioneer as 'n span op sy eie. Hulle het van meet af aan goed presteer.

In 2003 het die Akademie vyftien wedstryde gespeel, en net een verloor. Twaalf van die seuns is vir Griffons-spanne na die Cravenweek of die Grant Khomo-week gekies. Vier is gekies vir spesiale SARU-ontwikkeling in die Groen Groep – Yusaf Abrahams, Romano Sebia, Jackson Silo en Dabeon Draghoender.

In 2004 het die aantal rugbyspelers van 24 tot 36 aangewas, en die Virginia Sports Academy is tot die Noord-Vrystaatse Skoleliga toegelaat. Hulle het die semifinaal bereik in 'n jaar toe hulle net twee uit vyftien wedstryde verloor het.

In 2004 is nege seuns vir die Griffons-span by die Grant Khomo-week gekies, en sewe vir die Cravenweek-span.

In 2005 was daar 29 leerlinge, en hierdie keer, met die naamsverandering na Harmony Sports Academy, het hulle die Noord-Vrystaatse Skoleliga ingepalm deur Kroonstad se Rooiskool in die finaal te verslaan. Agt spelers is na die Cravenweek, ses na die Akademieweek en drie na die Grant Khomo-week. Dabeon Draghoender is vir die SA o.19-span gekies.

In 2006 was daar 36 leerlinge. Agt is na die Craven-week, en nog agt na die Akademieweek. Ses is na die Grant Khomo-week en twee na die Spesiale Skoleweek. Daarby het vyf vir die Griffons se o.19-span gespeel.

Cecil Afrika van Port Elizabeth was die ster. Hy het in Kenia vir die Opkomende Springbok Sewesspan gespeel en is as Man van die Toernooi aangewys. Daarna is hy vir die SA Skolespan gekies. In 2006 het hy by die Cravenweek in Johannesburg uitgeblink.

Boela Abrahams is gekies vir die SA Skole B-span en Rowayne Maurice vir die SA Spesiale Skolespan.

In die Noord-Vrystaatliga van 2007 het die Akademie besonder goed presteer.

Toe Chris Coetzee besturende direkteur van die Griffons was, het hy al die moontlike gedoen om die Akademie gestig te kry. Die voormalige Noord-Transvaalse kaptein Jan Oberholzer was die eerste breier. Jacques Juries, voormalige speler vir Suid-Westelike Distrikte, is die huidige afrigter. Hy is ook koshuisvader van die rugbykoshuis.

Baie is in 'n kort tydjie bereik.